# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

1 Augustus 2025

**OMSENDBRIEF 19/2025**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Sport:** Uitslae van rugbywedstryde teen HS Swellendam op 26 Julie 2025:

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 15 A | 19 | 22 | V |
| 17 A | 3 | 34 | V |

2. **Sport:** Sportuitslae van wedstryde teen HS Barrydale op 31 Julie 2025:

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 17 A | 19 | 14 | W |
| 19 A | 19 | 23 | V |

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 14 A | 18 | 4 | W |
| 16 A | 21 | 13 | W |
| 19 A | 44 | 11 | W |

3. **Wes-Kaap Biathle en Triathle Kampioenskappe: Bernard Schoeman** neem Saterdag en Sondag deel aan die O.11 Wes-Kaap Biathle en Triathle Kampioenskappe in Somerset-Wes. Baie sterkte, Bernard.

4. **Matriekafskeid:** Daar is Donderdag by die skool afgekondig dat matriekafskeidmetgeselle van buite HSB skoolleerders moet wees, nie ouer persone wat reeds skool voltooi het of skool verlaat het nie, aangesien die matriekafskeid 'n funksie vir skoolleerders is, nie vir volwassenes nie. Ons besef egter dat hierdie reël op te kort kennisgewing deurgegee is en dat planne reeds deur ouers en leerders gemaak is wat nie daarvan bewus was nie. Vir hierdie jaar se matriekafskeid word die vergunning dus gemaak dat metgeselle van buite die skool nie noodwendig nog skoolgaande hoef te wees nie. By 'n volgende SBL-vergadering sal die reël finaal bespreek word en waarskynlik in die skool se gedragskode opgeneem word, wat dan vanaf 2026 streng toegepas sal word. 'n Aansoekvorm vir metgeselle van buite die skool moet egter steeds vir hierdie jaar se matriekafskeid by die kantoor ingehandig word. Indien die metgesel nie meer skoolgaande is nie, moet 'n getuigskrif van die metgesel ook saam met die aansoekvorm ingehandig word asseblief. Ons kan nie die kans neem dat onbekende metgeselle wat dalk 'n geskiedenis van swak gedrag het ons HSB-leerders se aand van pret en ons skool se goeie reputasie kom bederf nie.

5. **Matriekouers:** Uitnodigingsbriewe is vanoggend aan enkele matrieks oorhandig wie se ouers 'n verpligte gespreksessie met die Skoolbeheerliggaam moet bywoon op Dinsdagaand 5 Augustus in die skool se

mediasentrum. Maak asseblief seker by u graad 12-kind of hy/sy so 'n brief ontvang het of nie. Slegs ouers wat skriftelik genooi is, woon die ontmoeting by, nie alle graad 12-ouers nie.

6. **Ouerkontak:** Ouers het op die volgende datums geleentheid om met hul kinders se onderwysers te ontmoet. Veral ouers van leerders wat nie goeie punte in kwartaal 2 behaal het nie moet asseblief 'n punt maak daarvan om by die ouerkontaksessies uit te kom.

- Gr. 4 tot 7: Dinsdag 12 Augustus 16:00 tot 18:00
- Gr. 8 tot 12: Woensdag 13 Augustus 16:00 tot 18:00.

7. **Laerskoolkleredrag by sportbyeenkomste:** Onthou asseblief volgens ons skool se gedragskode moet die seuns hulle amptelike wit HSB-sporthempies (met die groen kraag) tydens sportdae/wedstryde aanhê wanneer hulle nie hulle rugbytruie aanhet nie. Ongelukkig mag hulle nie die swart Bonnie-hempies tydens sportbyeenkomste of wedstryde dra nie. Die swart hempies mag slegs by die skool vir LO en oefeninge aangetrek word. Indien daar versoeke vir 'n verandering aan die amptelike kleredragreëls is, kan dit na mev. Carin Grobler (SBL Uniformkomiteevoorsitter) gestuur word. Dit moet dan eers deur die SBL se uniformkomitee bespreek word en daarna deur die SBL goedgekeur word. Help ons asseblief dat die reël reg toegepas word. Die volle kleredragreëls kan afgelaai word by https://hsbonnievale.co.za/kleredrag/ en verskyn ook op bl. 8 tot 21 van die skool se gedragskode vir leerders wat by https://hsbonnievale.co.za/gedragskode beskikbaar is.

8. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | **Kwartaal 3, Week 2** |
|---|---|
| Vr. 1 Aug. | Graad 8-uitstappie<br>Juf. Sané Nel verjaar |
| Sa. 2 Aug. | HSB (Laerskool) Ideal Sportdag<br>Ouers wat graag betrokke wil wees, kontak asb. mnr. Darius van Loggerenberg by 0761978086 of dvloggerenberg@hsbonnievale.co.za |
| | **Kwartaal 3, Week 3** |
| Ma. 4 Aug. | SBL vergader 17:30<br>Aansoeke vir 2026 open (slegs gr. 2 tot 7 en gr. 9 tot 12). Gr. 1 en 8-aansoeke het reeds gesluit. |
| Di. 5 Aug. | SBL Finansiële komitee vergader met enkele graad 12-ouers (slegs genooides) |
| Wo. 6 Aug. | Hoërskoolsport vs. Swellendam Sekondêr (tuis) |
| Do. 7 Aug. | SBL WKOD-opleiding: Restorative Discipline te Ashton Sekondêr 17:30<br>SBL Dissiplinêre komitee vergader 17:30 |
| Vr. 8 Aug. | Graad 5-uitstappie |
| Sa. 9 Aug. | Nasionale Vrouedag |
| | **Kwartaal 3, Week 4** |
| Di. 12 Aug. | Skoolhoofdevergadering met distriksdirekteur te Worcester<br>Oueraand gr. 4 tot 7 – 16:00 tot 18:00 |
| Wo. 13 Aug. | Sportfoto's van sportspanne word by skool geneem. Leerders moet geklee wees in hul sportuitrusting soos deur hul afrigters deurgegee word.<br>Oueraand gr. 8 tot 12 – 16:00 tot 18:00 |
| Do. 14 Aug. | Oscars-aand |
| Vr. 15 Aug. | SBL vergader 13:00 |
| Sa. 16 Aug. | Hoërskoolsport vs. Curro Hermanus (weg) |
| | **Kwartaal 3, Week 5** |
| Ma. 18 Aug. | Interskole Geesweek begin (inligting is via WhatsApp-graadgroepe deurgegee) |

| | |
|---|---|
| | Aansoeke vir 2026 (gr. 2 tot 7 en gr. 9 tot 12) sluit. |
| Di. 19 Aug. | Gr. 12 NSS Engelsmondelinge deur WKOD-vakadviseur. Matrieks wat op hierdie dag afwesig is, sal 'n onvolledige punt vir Engels vir die jaar ontvang en dus nie 'n Matrieksertifikaat kan ontvang nie, weens onvolledige punte.<br><br>SBL Finansiële Komitee vergader 17:30 |
| Vr. 22 Aug. | Redaksie-uitstappie |
| Sa. 23 Aug. | Interskole (laerskool en hoërskool) vs. HS Franschoek (tuis) |

Seënwense!

S. Prins
Skoolhoof

> "When you walk the way, the way will appear."
> - Rumi







| PRODUK | PRYS | PRODUK | PRYS |
|---|---|---|---|
| ABS Plastiek Nommerplaat (wit agter) | R250 per stel | Mx25 Sjampanje Glas + Naam op | R50 |
| ABS Plastiek Nommerplaat (kleur agter) | R300 per stel | Mx25 net Sticker vir glas (jy gee glas) | R35 |
| Gelamineerde Nommerplaat | R70 per stel | Mx25 Kitkats + Wrapper (Minimum 4) | R15 elk |
| A3 Welkom Poster + R15 ekstra vir Laminering | R70 | Mx25 Sjampanje bottle label (tot en met 3) | R45 daarna R10 elk |
| 2 x A3 Welkom Poster (maak 'n A2) + R30 vir Lam | R120 | Mx25 Slippers + Print daarop (x small of large) | R100 |
| A2 Welkom Poster | R250 | Mx25 Japon + Print daarop | R250 |
| A1 Welkom Poster | R350 | Mx25 net Print daarop (jy gee japon) | R100 |
| A3 of A4 Esel te huur KRY R50 TERUG MET TERUG BRING VAN ESEL | R100 | Mx25 Sokkies | R100 |
| A1 of A2 Esel te huur KRY R150 TERUG MET TERUG BRING VAN ESEL | R250 | Mx25 Cake Toppers vanaf | R45 |
| Mx25 Kussingkie (scatter cushion) | R150 | Mx25 Balonne vanaf | R65 |


Butterfly Catering & Events
WhatsApp: 072 311 5940 Tel:079 781 1842
Frozen Meals available @ only
R45 per 460ml Portion
Cottage Pie
Beef Lasagne
Savoury Mince Pasta
Creamy Hake Penne Pasta
Butternut Chicken Curry & Rice Bake
Sweet & Sour Chicken Stirfry
All our meals are made fresh every day, but to save costs and make sure that our prices are as low as possible to all our valued clients, we normally make more portions than ordered. The portions not sold are packaged and frozen and are available for sale at only R45 per 460ml portion.


Butterfly Catering & Events
Tel: 079 781 1842 or WhatsApp: 072 311 5940
Home Cooked Meals at only
R50 per portion
* We deliver in Bonnievale and Robertson every weekday.
* Please place your orders at least 24 hours before you need it.
* Frozen Meals also available at R45 per portion.
MON: Bacon Spaghetti Bolognaise served with mixed Veggies
TUE: Marry-me Chicken ala Pieter served with a Veggie Bake
WED: Boerewors Cottage Pie served with Sweet Carrots
THU: Creamy Tuna Pasta served with buttered mielie Kernals
FRI: Curry Mince Pot Pie served with Sweet Carrots
All our meals are made fresh every day, but to save costs and make sure that our prices are as low as possible to all our valued clients, we normally make more portions than ordered. The portions not sold are packaged and frozen and are available for sale at R45 per 460ml portion.
Please note that frozen meals do not include extra salad or veggies.